27 MAART 2020
HERDERSBRIEF #13

Geliefde Gemeente,

Trou aan ons opdrag: visie; om kontak te maak waar moontlik, en diens te lewer waar nodig.

Dank ons die Heilige Gees vir Sy leiding wat dit vir ons moontlik maak: om u te ken en as dienskneg teenoor u op te tree.

Dit bly nog steeds EKD se doelstrewe te wete: Kommunikasie; Wisselwerking en Gemeenskap.

Die moontlikheid bestaan, dat die inperking verkort of verleng kan word. Ons doel, gesindheid en perspektief moet onder alle omstandighede, Christus-gesentreerd wees. Dit is nie nou die tyd, om apokalipties paniek te bevorder, en oorboord te gaan met: ***"die tekens van die tye"*** nie. Ek wil dus die Here vertrou, om u in u geloof te ondersteun. Dit bring my by die volgende: -

***Romeine 4:18***: Abraham het ***"teen hoop op hoop"*** geglo.

Wat is ons: ***"teen hoop"***?

Wat is die aard en die inhoud van ons ***"teen hoop"***?

**"<u>TEEN HOOP</u>":**

- Jou ***"verlede":*** Waarmee jy jou voortdurend besig hou, en as gevolg waarvan jy nie jou ***"hoogtes"*** kan betree nie. God skenk ons die vermoë om die verlede te vergeet.

  Al wat vergeet moontlik maak, is die rede waarom jy lewe: soos wat Viktor Frankl dit treffend beskryf naamlik; wat is die doel wat jy ten alle tye voor oë moet hou?

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

***Filippense 3:14  "Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*** Dit is ons doel wat ons in staat stel om te vergeet wat agter is.  Het jy 'n doel, of is jy betrokke by krisis bestuur?  Alle teenwigte kan effektief bestuur word indien ons 'n doel het.

- Jou ***"verlies"***:  Die ontsettende, hartverskeurende gevolg, wanneer jy beroof word in jou menswees, van alles en almal wie vir jou belangrik is.  Om skeppende krag vry te stel naamlik: ***"die afwenteling voor my venster is weggeneem."***

  Dit is 'n toepassing wat jy kan maak, ten opsigte van enige krisis, enige pes, enige teëstand, ondermyning of strategieë, van die mag van die bose.

- Jou ***"skuldgevoel":*** Wat jou soos 'n spinne-web vashou en van jou 'n gevangene maak.  In díé verband het Job uitgeroep: *"my hoop is afgesny en die voorwerp van my vertroue is 'n spinnerak."* **(Job. 8:14)**

- ***"Ek kwalifiseer nie"***:  Hierdie aspek van ***"teen hoop"*** kan 'n bindende werklikheid wees, wat jou voortdurend in 'n geestelike passiewe toestand hou. Hierdie ***"teen hoop"*** veroorsaak dat jy jouself voortdurend beperk.  In die lig van ***1 Kor. 14:26*** kan dit veroorsaak, dat jy ongehoorsaam is aan die leiding van die Heilige Gees.  Dit kan ook veroorsaak, dat jy op die lang duur, nie jou bediening vervul nie, en dat jy die ***"bemagtiging"***, waarmee en waardeur die verordineerde geestelike leiers in die gemeente, jou nie kan vrystel nie.

- ***"Die demokratiese Suid-Afrika":*** Die Britse historikus Simon Sebag Montefiore haal Wladimir Poetin aan wat in 'n gesprek – in Rusland – die volgende gesê het: *"Die grootste misdadigers in ons geskiedenis was die swakkelinge wat hul mag op die vloer neergesmyt het – Nikolaas II en Michail Gorbatsjof – wat toegelaat het, dat die mag deur histeriese en mal mense opgetel word."* Die vraag wat ek wil vra: het dit net in Rusland gebeur?

  Die gevolge is voor die hand liggend.  Die burgery wat hierteen in opstand kom – dit sluit politici en nasionaliste van minderheidsgroepe in – moet ten alle tye besef en verstaan, dat as gelowiges **IS ONS BURGERSKAP IN DIE HEMELE**.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST  0039  SOUTH AFRICA
+27  12  543 0333
+27  12  567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Daarom het ons 'n Koninkryk-kultuur, wat ten alle tye in ons geloofslewe moet seëvier.

U en ek, durf nie hierdie teenpool toelaat in ons menswees nie. Wat ons geloofslewe aanbetref kan dit – soos in baie Suid-Afrikaners – 'n vernietigende en ondermynende uitwerking op ons geestelike lewe hê. Dit dan wat nog 'n ***"teen hoop"*** situasie aanbetref.

Dit alles in ag geneem, moet jy egter die perspektief behou, daar was ook – in Abraham se geval – ***"teen hoop"*** situasies, wat God se wil en doel vir hom wou teëhou: **NOGTANS** is sy geloof tot geregtigheid gereken ***(Rom. 4:5).*** Die rede hiervoor is, dat dit geskryf staan: *"Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtigheid vergewe en wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken."* ***(Rom. 4:7 en 8)***

Die vredevolle rykste seën, word u hiermee toebedeel.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

Ns. Die doel van hierdie skrywe is om u daarop te wys: dat alhoewel daar 'n ***"teen hoop"*** situasie in ons geloofslewe bestaan – met ander woorde, dat ons nie in ons geloof voldoen aan God se standaard nie – dit nie afbreek doen aan dit wat genadiglik deur God, aan ons beskik is nie.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335